

tippet 100

Ek stap by die Empik-boekwinkel in Pole in. Dis Exclusive Books uitgeknip. Daar is een verskil: ek verstaan nie 'n dooie woord nie. Dis alles in Pools. Dis die bekende skrywers met die bekende boekomslae. Die inhoud is vir my duister. Pole het 'n reuse-vertaal kultuur.

Vir die eerste keer verstaan ek hoe dit moet voel om ongeletterd te wees. Dis verskriklik. Jy voel magteloos. Jy kan niks verstaan nie.

Dis baie mense in ons land se ervaring. Die plek om dit te verbeter is by die kleuters.

Waar kan jy vir 'n kleuter 'n storie lees? Maak 'n verskil!

Francois Retief

3 Desember 2018